

# ZINZI en TAMKHULU

deur Lucy O'Keeffe



# ZINZI no TAMKHULU

by Lucy O'Keeffe

A project of the Centre for Social Development, Rhodes University,  
in partnership with the HCI Foundation'

## You are free to:

**Share** – copy and redistribute the material in any medium or format

The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the license terms.

## Under the following terms:



**Attribution** – You must give **appropriate credit**, provide a link to the license, and **indicate if changes were made**. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.



**NonCommercial** – You may not use the material for **commercial purposes**.



**NoDerivatives** – If you **remix, transform, or build upon** the material, you may not distribute the modified material.

Copyright © 2020 Lucy O'Keeffe



Vertaling deur Shirley en Anna Retief

First printing, 2020

My naam is Zinzi. Ek is amper  
sewe jaar oud en woon in Joza  
met my broertjie, my ma en  
my Tamkhulu.



Ons het ook 'n hond, Rocky. Hy hou daarvan om ons hoenders te jaag en om in ons groentetuin te grawe. Ma word baie kwaad vir hom.



My ma is 'n verpleegster by die kliniek. Sy werk baie hard. Ek wens sy kon na skool saam met my by die huis wees, maar ek weet sy sorg vir baie mense.



Ons is gelukkig dat Tamkhulu by ons woon. Hy kom haal ons na skool.




Hy loop met 'n kerie en almal groet hom, so dit neem baie lank om by die huis te kom. Tamkhulu rus 'n bietjie na ete.

Vroeër in die jaar het hy altyd vir ons 'n storie gelees wanneer hy wakker word. Dit was die lekkerste tyd van die dag.



Tamkhulu dra 'n bril en het 'n groot, diep stem. Wanneer hy in die kerk praat, praat hy baie hard sodat almal hom kan hoor, maar in ons storietyd was dit net vir ons.





Eendag toe sê Tamkhulu dat hy  
nie vir ons kan storie lees nie.  
Sy oë is te moeg. Ma sê hy kan  
nie meer die woorde sien nie.  
Ek het gewens dat ek 'n  
towerbril vir sy oë kon maak.



Aan die begin was ek baie  
hartseer. Geen stories. Maar  
toe kry ek 'n idee.



Ek is in Graad I en leer lees. Ek  
kan vir Tamkhulu en my  
broertjie lees!



Tamkhulu is so trots op my. Hy hou baie daarvan om te luister hoe ek lees. Hy noem my sy “slimkop” en sê dat ek eendag my eie storie sal skryf.




# Vrae om met jou kind te bespreek:

1. Saam met wie woon Zinzi?
2. Watter werk doen Zinzi se ma?
3. Hoe voel Zinzi wanneer haar oupa nie meer vir haar kan lees nie?
4. Wat laat jou hartseer voel?
5. Wat laat jou gelukkig voel?
6. Met wie wil jy graag baie tyd spandeer?
7. Hoekom dink jy hou Zinzi so baie van lees?
8. As jy jou eie storie kan skryf, waarom sou jou storie gaan?



Funded by:

**HEI** foundation 



ISBN 978-1-990961-76-2